

# DIE MOONTLIKE LANGTERMYN INVLOED VAN DIE ANGLO-BOEREOORLOG OP KONSENTRASIEKAMP-KINDERS

*'n Ondersoek na die invloed van voeding en ervarings*

**Deur N. Basson**

Me. Nikke Basson studeer politieke wetenskap aan die Universiteit van Pretoria. Voltooi Hon. in Geskiedenis o.l.v. dr. Jackie Grobler (UP). Meestersgraad in geskiedenis (voltooi Desember 2017) aan die Universiteit van Stellenbosch met prof. Albert Grundlingh as studieleier. Tema van Meesters-tesis: *Kinders in die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) konsentrasiekampe: 'n ondersoek na die moontlike invloed van voeding en belewenis*. Hierdie artikel is 'n baie kort en oorvereenvoudigde opsomming van hierdie studie.

## **Samevatting**

Die Anglo-Boereoorlog, wat tussen Oktober 1899 en Mei 1902 afgespeel het, verskil van tydgenootlike oorloë deurdat derduisende kinders direk by die oorlog betrokke was – enersyds aktief en vrywillig as Penkoppe (jong seuns wat aan die oorlog deelgeneem het) – andersyds minder vrywillig as inwoners van die konsentrasiekampe. Kinders verskil van volwassenes deurdat hulle nog ontwikkelend is. Hulle beskik gevolglik nie oor dieselfde hanterings- en beskermingsmeganismes as volwassenes nie. Indien daar dus nie aan hulle basiese behoeftes voldoen word nie, kan dit tot gevolg hê dat hulle ontwikkeling hierdeur geraak word. Dit kan in langtermyn gevolge manifesteer.

Hoë sterftesyfers, die verlies aan tuiste en speelgoed, die tydelike skeiding van vaders en dikwels permanente verlies van geliefdes, kan op kinders wat nie oor die nodige hanteringsmeganismes beskik nie, 'n groot invloed hê. Vir normale ontwikkeling om te kan plaasvind, moet kinders sekere ontwikkelingsstake in spesifieke venstersperiodes afhandel. Indien dit nie gebeur nie, kan dit lewenslange gevolge hê.

Wanneer kinders nie toegang tot voldoende voedsel het nie, kan dit hulle ontwikkeling eweneens op die langtermyn beïnvloed. Die eerste duisend dae (vanaf konsepsie tot met tweejarige ouderdom) is 'n kritiese tydperk wat ontwikkeling aanbetref. Wanvoeding tot op die ouderdom van vyf kan egter steeds 'n groot invloed op kinders se ontwikkeling hê. Vir optimale ontwikkeling om te kan plaasvind, is basiese voedingstowwe egter nodig. Indien dit nie ingeneem word nie, ontwikkel gebreke. Alhoewel die impak van bogemelde in sommige gevalle omkeerbaar is wanneer die omstandighede verbeter, is dit nie altyd die geval nie. Dit mag dus 'n blywende invloed hê. Die moontlike langtermyn gevolge van die Anglo-Boereoorlog op kinders word hier kortliks bespreek.

**Referaat / notas**

Alhoewel die Anglo-Boereoorlog van 120 jaar reeds vanuit meeste hoeke bespreek en ontleed is, is daar altyd nog 'n aspek wat nie na behore ondersoek is nie. Een so 'n aspek is die langtermyn invloed wat die oorlog op kinders wat die oorlog oorleef het, kon gehad het. Die lyding van vroue *en* kinders in die Anglo-Boereoorlog is bekend. Uit 'n navorsingsoogpunt moet daar egter nie aangeneem word dat 'vroue en kinders' as 'n "eenheid" ondersoek kan word nie. Hiervoor is daar twee hoofredes:

- 1) **Kinders is nog nie ten volle ontwikkel nie:** Aangesien hulle hanteringsmeganismes nie voldoende ontwikkel is nie, sukkel hulle dikwels om moeilike omstandighede te hanteer.
- 2) **Kinders is nog ontwikkelend:** Dit wat hulle op 'n jong ouderdom ervaar, kan dus vir die res van hulle lewens 'n invloed op hulle hê.

Hierdie artikel is 'n baie kort opsomming van die moontlike invloed wat die tyd in die konsentrasiekampe op die ontwikkeling van kinders kon gehad het. Dit handel spesifiek oor *kinders*, van geboorte tot op die ouderdom van 16 jaar. Gedurende die Anglo-Boereoorlog is sowat 22 000 kinders oorlede. Wat het van die duisende kinders geword wat die oorlog oorleef het? Sou hulle ervarings hulle moontlik op die langtermyn kon beïnvloed? Sou die oorlog moontlik 'n lang skaduwee oor die toekoms van Suid-Afrika kon werp?

As basis vir hierdie studie is 'n versameling briewe wat in die Oorlogsmuseum van die Boere Republieke te Bloemfontein bewaar word, gebruik (versameling 05890/00066 – 05890/00113). Hierdie briewe is geskryf deur bejaardes wat as kinders in die konsentrasiekampe was. Hulle is gevra om bloot hulle herinneringe van die tydperk wat hulle in die kampe deurgebring het, neer te skryf. Vir die doel van hierdie studie is die inligting in die briewe met behulp van kundiges in verskeie velde ontleed. Sielkundiges en traumaspesialiste het gehelp om die moontlike invloed van traumatiese gebeure te probeer bepaal, dieetkundiges het die dieet wetenskaplik ontleed en moontlike tekorte geïdentifiseer, mediese dokters en pediateres het die siektes wat in die kampe voorgekom het, ontleed, ensovoorts.

Wanneer kinderontwikkeling ontleed word, is daar verskeie aspekte wat 'n rol speel. Die teenwoordigheid van ouers, stimulasie (deur middel van skoling en spel), voeding,

trauma, ervarings en omgewing speel byvoorbeeld alles 'n rol.<sup>1</sup> In hierdie artikel sal die moontlike invloed van voeding en trauma in die Anglo-Boereoorlog baie kortliks en opsommenderwys ondersoek word.

## VOEDING IN DIE KAMPE

Gedurende die oorlog was voedsel baie beperk, en was daar min variasie wat voedselsoorte aanbetref.<sup>2</sup> Die bejaardes wat as kinders in die kampe was, skryf deurgaans dat kos skaars was en dat hulle gereeld honger was.<sup>3</sup> Wanneer hieroor nagedink word, word daar bykans altyd aan die onmiddellike ongemak van 'n gebrek aan voeding gedink. Belangriker egter, is dat voedsel belangrik is omdat dit mense van energie, voedingstowwe en die nodige vitamieë en minerale voorsien. Voldoende, gebalanseerde voeding is krities vir kinders se ontwikkeling. Alhoewel gebalanseerde voeding oor die algemeen baie belangrik is, is dit krities belangrik in die eerste duisend dae van 'n babatjie se lewe. Tot en met twee jaar oud speel die voeding wat kinders kry 'n kritiese rol in hulle ontwikkeling. Tot op vyf jaar is die regte voeding steeds uiters belangrik.<sup>4</sup>

Indien die regte voedingstowwe nie ingeneem word nie, ontwikkel ernstige gebreke. Sommige hiervan is nie omkeerbaar nie, selfs al verbeter die kind se dieet later.<sup>5</sup>

Wanneer die herinneringe van die kinders wat in die kampe was, ontleed word, is dit opmerklik hoeveel van die kinders kon onthou dat hulle gereeld honger was. Joost Heystek, wat as seuntjie in die Irene-kamp was, het byvoorbeeld onthou: “*n* ..man...loop by 'n paar van ons kampseuns verby terwyl hy 'n perske afskil. Toe die

---

<sup>1</sup> Strydom, N. 2017. *Kinders in die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) konsentrasiekampe: 'n ondersoek na die moontlike invloed van voeding en belewenis*. Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium (Gesiedenis) in die Fakulteit Lettere, Stellenbosch. Desember 2017. P.ii.

<sup>2</sup> Spies, B. 1977: *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and Civilians in the Boer Republics January 1900 – May 1902*. Kaapstad: Human&Rousseau. P.199  
Kaapstad: Human&Rousseau. P

<sup>3</sup> Versameling 05890/00066 – 05890/00113 in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.

<sup>4</sup> Strydom, N. 2017. *Kinders in die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) konsentrasiekampe: 'n ondersoek na die moontlike invloed van voeding en belewenis*. Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium (Gesiedenis) in die Fakulteit Lettere, Stellenbosch. Desember 2017. P.ii.

<sup>5</sup> Scrimshaw, N.S. *The lasting damage of early malnutrition*. Aanlyn beskikbaar by <http://one.wfp.org/policies/introduction/background/ending/s1.html>

*skil val loop ons storm, raap die skil op, breek hom aan stukkies, verdeel en verorber dit met smaak.”<sup>6</sup>*

Die sewejarige Susanna Louw van die Kimberley konsentrasiekamp het haar herinneringe soos volg verwoord: *“Wit maaiers het soos ’n room bo-op die sop gedrywe en die helpers het altyd probeer om die sop so skoon moontlik sonder maaiers in die borde te probeer skep.”<sup>7</sup>*

Uit hierdie en verskeie ander bronne, is dit duidelik dat die kampkos dikwels van swak gehalte was en in sommige gevalle glad nie eetbaar nie. In baie gevalle was die volle rantsoen nie beskikbaar nie.<sup>8</sup> Wat die probleem verder vererger het, was dat kinders se energiebehoefte weens omstandighede verhoog het: die winters was besonder koud, en die tente het nie voldoende beskerming teen die elemente gebied nie. Die kinders moes in baie gevalle ver loop om water te kry, en vir lang tye in rye staan om die rantsoene te ontvang. Indien die kampinwoners aktief was, en indien hulle koud gekry het sou hulle energiebehoefte verhoog het.<sup>9</sup> Verder kon siektes soos masels hulle energiebehoefte met 20-50% (in vergelyking met die behoeftes van ’n gesonde persoon) verhoog het.<sup>10</sup>

Hedendaagse wetenskaplike kennis maak dit moontlik om presies te bepaal watter tekorte in die kamprantsoen sou wees. Dr. Louise van den Berg, senior lektor in Dieetkunde aan die Universiteit van die Vrystaat, het die kamprantsoen volledig ontleed. Dr John Strydom, mediese dokter met spesiale belangstelling in die invloed van voeding op die menslike liggaam, het gehelp om die moontlike invloed van die spesifieke tekorte te bepaal.

Indien die beste scenario veronderstel word, en die volle rantsoen (asof alles eetbaar was) ontleed word, sou dit steeds nie aan die proteïen-, vitamien- en mineraalbehoefte van die meerderheid van die kampinwoners voldoen nie.<sup>11</sup> Tekorte

---

<sup>6</sup> Heystek, J. Persoonlike herinneringe. Versameling 05890/00066 – 05890/00113 in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke. Irene-lêer

<sup>7</sup> Louw, S.M. Persoonlike herinneringe. Versameling 05890/00066 – 05890/00113 in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke. Kimberley-lêer

<sup>8</sup> Pretorius, F, 1998: *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Kaapstad: Struik Uitgewers. P. 60

<sup>9</sup> Strydom, J.C. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie

<sup>10</sup> Van den Berg, L. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie

<sup>11</sup> Van den Berg, L. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie

aan vitamieëne A, B2, B3, B6, B9, C, D, E, biotien, kalsium, yster, sink en koper sou by 'n groot persentasie van kampinwoners teenwoordig wees.<sup>12</sup>

Ernstige gebreksiektes ontwikkel dikwels wanneer die regte voedingstowwe nie ingeneem word nie.<sup>13</sup> Die spesifieke siektes wat in die konsentrasiekampe voorgekom het, kan dus as verdere bevestiging vir die gebrek aan voedingstowwe dien. Baie van die siektes wat algemeen in die kampe voorgekom het, is siektes wat dikwels juis as gevolg van voedselgebreke voorkom. Ter voorbeeld: persone met vitamien-A-tekorte, is gewoonlik uiters vatbaar vir masels.<sup>14</sup> In die ontledings van die kampdiëet, was dit duidelik dat daar ernstige tekorte aan vitamien A onder die kampbewoners sou wees. Masels was een van die grootste oorsake van dood in die konsentrasiekampe.<sup>15</sup>

Diarree het wydverspreid in die kampe voorgekom.<sup>16</sup> Deur die hedendaagse mediese wetenskap, is dit bekend dat tekorte aan vesel<sup>17</sup>, vitamien C en sink (onder andere) tot diarree kan lei. Aan vesel, sowel as aan vitamien C en sink was daar ernstige tekorte in die amptelike kamprantsone.<sup>18</sup>

Die beeld van die uitgeteerde Lizzie van Zyl is algemeen bekend. Indien die beskikbare mediese en dieetkundige data ontleed word, is daar 'n beduidende kans dat haar toestand die gevolg van geperforeerde ingewande was<sup>19</sup>, 'n toestand wat dikwels op ingewandekoors volg en vandag as 'n mediese noodgeval geklassifiseer word.<sup>20</sup> Die ingewandekoorskiem word onder andere deur kos en melk versprei.

In die briewe wat as basis vir hierdie studie gebruik is, is daar heelwat melding gemaak van simptome wat tekenend is van (onder andere) vitamien-C-tekorte. Kinders so jonk as ses jaar oud onthou dat die klein kinders in die kampe se monde en lippe uitmekaargebars het totdat dit gebloei het, terwyl ander onthou dat hulle monde so

---

<sup>12</sup> Van den Berg, L. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie

<sup>13</sup> Van den Berg, L. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie

<sup>14</sup> Van den Berg, L. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie

<sup>15</sup> Van Heyningen, E. 2013. *The Concentration Camps in the Anglo-Boer War: a social history*. Auckland Park: Jacana-Media. P. 140

<sup>16</sup> Van Heyningen, E. 2013. *The Concentration Camps in the Anglo-Boer War: a social history*. Auckland Park: Jacana-Media. P.133

<sup>17</sup> Strydom, J. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie

<sup>18</sup> Van den Berg, L. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie

<sup>19</sup> Van Heyningen, E. 2013: *The Concentration camps of the Anglo-Boer War*. Auckland Park: Jacana-Media. P. 138

<sup>20</sup> Strydom, J. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie

seer was dat hulle nie kon eet nie.<sup>21 22 23</sup> Bloeiende tandvleise, mondsere, tande wat uitval en wonde wat nie maklik genees nie is tekenend van veral vitamien-C-tekorte.<sup>24</sup> Skeurbuik, 'n bekende siekte wat deur vitamien-C-tekorte veroorsaak word, ontwikkel wanneer minder as 10 milligram vitamien C per dag ingeneem word. In die meeste rantsone in die konsentrasiekampe was daar 0 milligram vitamien C.<sup>25</sup>

Sekerlik een van die ergste siektes wat in die kamp opgeteken is, is Noma.<sup>26</sup> Juis omdat dit voorkom in uiters haglike omstandighede, is die siekte effe minder bekend as byvoorbeeld masels, diarree of skeurbuik. Hierdie siekte kom gewoonlik by kinders wat tussen een en vier jaar oud is, voor en is tekenend van *akute* wanvoeding. Die simptome sluit seer monde en lippe in en die geïnfekteerde areas verkleur na 'n blou / swart kleur. Vervolgens kan die sagte weefsel van die gesig disintegreer, totdat die tande en bene in die gesig blootgestel is. Die tande en bene kan ook disintegreer.<sup>27</sup> Noma kom oor die algemeen voor wanneer daar akute wanvoeding en 'n hoë voorkoms van diarree en masels is.<sup>28</sup>

Die moeder van 'n konsentrasiekampkind het opgeteken dat sy opgelet het hoe haar dogtertjie se tandvleis begin optrek het. Drie dae hierna het hulle drie tande in haar bed gevind. Haar tande het aanhou uitval totdat 'n deel van haar kakebeen uitgeval het. 'n Maand later het die oorblywende deel van haar kakebeen ook uitgeval. 'n Gedeelte van haar neus het begin swart raak, waarna die weefsel begin disintegreer het.<sup>29</sup> Alhoewel die siekte vir die ma onbekend was, kan daar vandag met behulp van

---

<sup>21</sup> Van Staden, A.S.S. Persoonlike herinneringe. Versameling 05890/00066 – 05890/00113 in die Oorlogsmuseum van die

Boererepublieke. Mafeking-lêer

<sup>22</sup> Goetz, S.A.S.J. Persoonlike herinneringe. Versameling 05890/00066 – 05890/00113 in die Oorlogsmuseum van die

Boererepublieke. Klerksdorp-lêer

<sup>23</sup> Enslin, P.J. Persoonlike herinneringe. Versameling 05890/00066 – 05890/00113 in die Oorlogsmuseum van die

Boererepublieke. Klerksdorp-lêer

<sup>24</sup> Van Heyningen, E. 2013: *The Concentration camps of the Anglo-Boer War*. Auckland Park: Jacana-Media. P. 125

<sup>25</sup> Van den Berg, L. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie

<sup>26</sup> Van Heyningen, E. 2013: *The Concentration camps of the Anglo-Boer War*. Auckland Park: Jacana-Media. P. 123

<sup>27</sup> Enwonwu, C.O, Falkler, W.A. & Phillips, R.S. 2006: *Noma (cancrum oris)* Gepubliseer in *Lancet* 2006; 368. P. 147-156. P. 149-150

<sup>28</sup> Enwonwu, C.O, Falkler, W.A. & Phillips, R.S. 2006: *Noma (cancrum oris)* Gepubliseer in *Lancet* 2006; 368. P. 147-156. P. 152

<sup>29</sup> Aangehaal in Van Heyningen, E. 2013: *The Concentration camps of the Anglo-Boer War*. Auckland Park: Jacana-Media. P.143

hedendaagse data afgelei word dat dit wel Noma was. Die feit dat hierdie siekte in die kampe voorgekom het, bevestig juis hoe uiters haglik die omstandighede moes wees.

In die volksmond word daar gereeld vertel dat daar weerhakies of gemaalde glas in die kos sou gewees het. Volgens die vroue in die konsentrasiekampe, sou die Engelse dit spesifiek daarin gesit het om die boerevroue en -kinders te beseer. Seer, ontsteekte, bloeiende monde sowel as bloederige diarree sou besmoontlik vir kampmoeders die idee gegee het dat daar gemaalde glas in die kos was wat hulle sou sny. Indien die voedingstekorte egter ontleed word, lei die spesifieke tekort wat in die kampe teenwoordig sou wees, tot bloeiende monde en bloederige diarree.<sup>30</sup>

Daar kan dus met redelike sekerheid tot die gevolgtrekking gekom word dat daar ernstige voedingstekorte (en daarmee saam ook tekorte aan die nodige vitamieë en minerale) in die kampe teenwoordig sou wees. Watter invloed sou hierdie tekorte op die ontwikkeling van kinders kon hê?

### ***Die langtermyngevolge van voedingstekorte by kinders***

Wanneer voedingstekorte ontleed word, is dit belangrik om daarop te let dat kinders wat op 'n vroeë ouderdom 'n agterstand ontwikkel het, in baie gevalle nooit volledig daarvan herstel nie.<sup>31</sup>

'n Algemene gevolg van ernstige tekorte aan vitamieë A en B6 (daar was aan beide hierdie vitamieë tekorte in die kamprantsoen) is skeletafwykings en groei-inkorting.<sup>32</sup> Kalsiumtekort kan vertraagde ontwikkeling van bene en tande tot gevolg hê.<sup>33</sup> Een van die ernstigste gevolge van wanvoeding by voorskoolse kinders is die beperking van hulle kognitiewe ontwikkeling: nie net kan ongebalanseerde voeding bringroei fisies inhibeer nie, dit kan ook kinders se leervermoëns beperk.<sup>34</sup> Skoolprestasie

---

<sup>30</sup> Van den Berg, L. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie

<sup>31</sup> Scrimshaw, N.S. *The lasting damage of early malnutrition*. Aanlyn beskikbaar by <http://one.wfp.org/policies/introduction/background/ending/s1.html>

<sup>32</sup> Van den Berg, L. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie

<sup>33</sup> Van den Berg, L. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie

<sup>34</sup> Van den Berg, L. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie, sowel as Strydom, J.C. 2016. Persoonlike e-pos korrespondensie

verswak en dit kan verlaagde IK tot gevolg hê.<sup>35</sup> Die proteïentekort kon bowendien tot die krimpings van kinders se breine lei.<sup>36</sup>

Studies het bevind dat kinders wat tussen die ouderdom van twee en vyf jaar wangevoed is, tot in volwassenheid soveel as 20% minder as hulle kollegas, wat nie vroeër wangevoed is nie, kan verdien.<sup>37</sup> Sekere voedingstekorte kan jong kinders se immuniteit permanent inperk. Dit kan hulle vatbaarheid vir infektiewe siektes tot in bejaardheid verhoog.<sup>38</sup>

Hierdie is slegs 'n baie kort opsomming van enkele van die langtermyngevolge van wanvoeding. Hieruit behoort dit egter reeds duidelik te wees dat gebalanseerde voeding vir kinders uiters belangrik is, en dat ernstige gebreke daarsonder kan ontwikkel. Indien kinders in 'n kritiese vensterperiode nie die regte voeding kry nie, kan dit permanente langtermyn afwykings tot gevolg hê. Wanvoeding was egter een van verskeie aspekte wat kinders se ontwikkeling op die langtermyn kon beïnvloed. Trauma en skeiding kon ook 'n groot rol gespeel het.

## **Ervarings gedurende die oorlog**

Byna alles wat vir kinders dierbaar was, is gedurende die oorlog van hulle weggeneem. 'n Groot persentasie kinders se vaders en moontlik ook ouer broer(s) was op kommando, hulle huise is afgebrand, en hulle sou 'n verlies aan tuiste en besittings soos speelgoed intens ervaar. Hulle is in baie gevalle van hulle troeteldiere geskei. Pieter Kruger het geskryf dat sy hanslam in die geweld omgekom het: "*Ek het 'n mooi hans skaaplam gehad waarmee ons altyd lekker gespeel het... Toe ek deur die venster sien dat 'n man my lam vang en sy keel afsny, het ek skreeuend na my ma*

---

<sup>35</sup> *Impact of malnutrition on Health and Development* soos gepubliseer op Orphan Nutrition. Aanlyn beskikbaar by

<http://www.orphannutrition.org/understanding-malnutrition/impact-of-malnutrition-on-health-and-development/> soos op 08.07.2016

<sup>36</sup> UNICEF, 2013. *Improving Child Nutrition: The achievable imperative for global progress; Save the Children, 2013, Food for thought*. Aanlyn beskikbaar by

[https://www.unicef.org/publications/index\\_68661.html](https://www.unicef.org/publications/index_68661.html) soos op 22.09.2016. P. 1

<sup>37</sup> UNICEF, 2013. *Improving Child Nutrition: The achievable imperative for global progress; Save the Children, 2013, Food for Thought*. Aanlyn beskikbaar by

[https://www.unicef.org/publications/index\\_68661.html](https://www.unicef.org/publications/index_68661.html) soos op 22.09.2016. P. 7

<sup>38</sup> Van den Berg, L. 2016. persoonlike e-pos korrespondensie

*gehardloop...*<sup>39</sup> Daar is verskeie ander vertellings van kinders wat van een of ander troeteldier afskeid moes neem op 'n traumatiese wyse.

In die kampe aangekom, is die kinders saam met hulle gesinne in tente gehuisves. Die tente was in baie gevalle oorvol, en daar was 'n skaarste aan hulpbronne wat vroeër vir kinders byna vanselfsprekend sou wees. 'n Seuntjie wat vanaf eenjarige ouderdom in konsentrasiekampe was, skryf dat die konsep van 'n huis na die oorlog vir hom vreemd was, aangesien al wat hy kon onthou die lewe in die konsentrasiekamptent was.<sup>40</sup>

E. Burger, 'n kind van die Irene-konsentrasiekamp, het na die oorlog vertel dat hulle tente op ou grafte opgeslaan is en dat die reuk afgryflik was. Sy het ook onthou dat haar sussie op 'n besonder koue nag gebore is. Wat sy egter spesifiek onthou, is dat haar Ouma gebid het dat die Here tog maar eerder die babadogtertjie moet wegneem,<sup>41</sup> waarskynlik om haar die haglike omstandighede te spaar.

Volgens Arbeidsterapeut, Anjolene Brandt, sou die skielike skeiding van 'n ouer (in hierdie geval meestal vaders wat op kommando was) vir klein kindertjies traumaties wees.<sup>42</sup> Daar is verskeie verhale van kinders wat hulle vaders glad nie geken het toe hulle (die vaders) van die oorlog teruggekeer het nie. Maria Visser, wat vier jaar oud was toe haar pa van die kommando teruggekom het, het haar herinneringe soos volg neergeskryf: *“Ek kan nie veel onthou nie, maar ek kan onthou toe my vader by ons gekom het; ek en klein Nellie was baie vies vir die vreemde oom wat my moeder soen.”*<sup>43</sup>

Alhoewel baie kinders ná afloop van die oorlog met hulle vaders herenig was, moes

---

<sup>39</sup> Kruger, P.E. Persoonlike herinneringe. Versameling 05890/00066 – 05890/00113 in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke. Barberton-lêer

<sup>40</sup> Du Plessis, H.J.N. Persoonlike herinneringe. Versameling 05890/00066 – 05890/00113 in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke. Mafeking-lêer

<sup>41</sup> Burger, E. Persoonlike herinneringe. Versameling 05890/00066 – 05890/00113 in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke. Irene-lêer

<sup>42</sup> Brandt, J.M. 2016. Persoonlike gesprek

<sup>43</sup> Visser, M.J.I. Persoonlike herinneringe. Versameling 05890/00066 – 05890/00113 in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke. Howick-lêer

duisende kinders finaal van 'n geliefde afskeid neem. Dit opsigself veroorsaak vir kinders intense trauma. Verskeie kinders het aangeteken dat hulle in die kampe moes help om lyke te versorg, iets wat verder vir kinders traumaties sou wees. Daar was nie in al die konsentrasiekampe lykshuise nie, en uit nood moes die lyke selfs in bewoonde tente geberg word.<sup>44</sup> E. Burger, 'n dogtertjie van die Irenekamp, skryf: *“Een nag het 'n vreeslike storm losgebars en die volgende môre was die begrafnistent omgewaai en die afgryslieke daarvan was die verhongerde honde wat aan die lyk gelê en vreet het... Dit was 'n gesig om waansinnig van te word.”*<sup>45</sup>

Vir die gemiddelde volwasse persoon sou dit reeds traumaties wees om só 'n toneel te aanskou; vir ontwikkelende kinders wat nog nie oor al die hanteringsmeganismes beskik nie, sou so 'n ervaring hulle besmoontlik vir die res van hulle lewens bybly.

## **Langtermyn gevolge van blootstelling aan traumatiese ervarings**

Buiten vir die onmiddellike negatiewe belewenis, kan hierdie traumatiese ervarings kinders se ontwikkeling beïnvloed. Kindertrauma kan byvoorbeeld lei tot beperkte emosionele ontwikkeling<sup>46</sup> en gedragsprobleme.<sup>47</sup>

Deurlopende blootstelling aan trauma kan bringroei by kinders aantast.<sup>48</sup> Getraumatiseerde kinders het dikwels verhoogde groei in die mid-brein, wat verantwoordelik is vir emosie en oorlewing. Dit gebeur ten koste van groei in die deel van die brein wat vir hoëvlakdenke verantwoordelik is. Dit kan onder andere lei tot

---

<sup>44</sup> Strydom, N. 2017. *Kinders in die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) konsentrasiekampe: 'n ondersoek na die maatskappelijke invloed van voeding en belewenis*. Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium (Geskiedenis) in die Fakulteit Lettere, Stellenbosch. Desember 2017. P.107

<sup>45</sup> Burger, E. Persoonlike herinneringe. Versameling 05890/00066 – 05890/00113 in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke. Irene-lêer

<sup>46</sup> Nixon, B.H. 15.02.2012: *Stress has lasting effect on child's development*. The Urban Child institute, aanlyn beskikbaar by : <http://www.urbanchildinstitute.org/articles/editorials/stress-has-lasting-effect-on-childs-development> soos op 06.06.2015

<sup>47</sup> Strydom, N. 2017. *Kinders in die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) konsentrasiekampe: 'n ondersoek na die maatskappelijke invloed van voeding en belewenis*. Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium (Geskiedenis) in die Fakulteit Lettere, Stellenbosch. Desember 2017. P.92

<sup>48</sup> Nixon, B.H. 15.02.2012: *Stress has lasting effect on child's development*. The Urban Child institute, soos aanlyn beskikbaar by : <http://www.urbanchildinstitute.org/articles/editorials/stress-has-lasting-effect-on-childs-development> soos op 06.06.2015

impulsiewe, aggressiewe gedrag en depressie.<sup>49</sup> Die kognitiewe inperkings as gevolg van langdurige blootstelling aan trauma, kan tot in volwassenheid sigbaar wees.<sup>50</sup> Deurlopende trauma kan eindelijk daartoe lei dat intellektuele vermoëns ingeperk word, dat leervermoë beperk word en dat die werksgeheue verswak.<sup>51</sup>

Navorsing het bevind dat kinders wat vroeg 'n vader verloor het, geneig is om 'n laer inkomste in volwassenheid te verdien<sup>52</sup>, sowel as 'n hoër risiko het om kriminele gedrag te openbaar.<sup>53</sup> Studies het verder getoon dat kinders wat op 'n jong ouderdom 'n broer of suster verloor het nie net 'n hoër risiko tot kriminele gedrag het nie, maar ook 'n laer kans om in werk aangestel te word (in vergelyking met diegene wat nie so 'n verlies gely het nie).<sup>54</sup> Voortdurende blootstelling aan die dood, kan veroorsaak dat kinders emosioneel afgestomp raak. Indien kinders gedurig aan die dood van ander blootgestel word, kan dit tot ernstige gedragsprobleme lei.<sup>55</sup> Alhoewel die verlies aan 'n gesinslid meestal negatief ervaar word, kan dit egter positiewe gevolge, soos hoër vlakke van outonomie, tot gevolg hê.<sup>56</sup>

Buiten vir al die onsigbare, of moeilik sigbare, probleme, moet die fisiese aanslag van die oorlog egter ook verreken word. Daar is só baie kinders in hierdie oorlog oorlede, dat daar van 'n verlore generasie gepraat word.<sup>57</sup> In die Vrystaat alleen is sowat 90% van plaaswonings beskadig of vernietig. 73% van skape en 80% van beeste in die

---

<sup>49</sup> Tennant, Victoria. *The Powerful Impact of Stress*. Johns Hopkins School of Education. Aanlyn beskikbaar by <http://education.jhu.edu/PD/newhorizons/strategies/topics/Keeping%20Fit%20for%20Learning/stress.html> soos op

06.06.2015

<sup>50</sup> Middlebrooks J.S. & Audage N.C. 2008: *The Effects of Childhood Stress on Health Across the Lifespan*. Atlanta (GA): Centers for Disease Control and Prevention, National Center for Injury Prevention and Control

<sup>51</sup> Goleman, D. 1997: *Emotional Intelligence*, Bantam Books. P. 27

<sup>52</sup> Wood, J. *Effects on kids linger long after father's dead*. Aanlyn beskikbaar by <http://psychcentral.com/news/2012/12/28/effects-on-kids-linger-long-after-fathers-death/49743.html> soos op 10.09.2016.

<sup>53</sup> Osterweis, M; Solomon, F, & Green, M (reds): 1984: *Bereavement: reactions, consequences and care*. National Academy Press: Washington DC. P. 116

<sup>54</sup> Ellis, J; Dowrick, C; Lloyd-Williams, M. *The longterm impact of early parental death: lessons from a narrative study*. J R Soc Med 2013; 106: 57-67

<sup>55</sup> Brandt, J.M. 2016. Persoonlike gesprek

<sup>56</sup> Hailey Maier, E & Lachman, M, E. 2000. *Consequences of early parental loss and separation for health and well-being in midlife*. International Journal of Behavioral Development 2000, 24(2), 183-189

<sup>57</sup> Van Heyningen, E. 2013. *The Concentration camps of the Anglo-Boer War. A social history*. Auckland Park: Jacana Media. P. 309

Transvaal, is gedurende die oorlog doodgemaak.<sup>58</sup> Sowat 30 000 huise is vernietig. Ná die oorlog was 15 000 burgers nie in staat om hulle boerdery te hervat nie. Hulle moes as ongeskoolde arbeid in die stede gaan werk.<sup>59</sup>

Dit is bykans onmoontlik om te bepaal presies hoe diep die Anglo-Boereoorlog sy kinders sou raak. Alhoewel daar met behulp van hedendaagse mediese en sielkundige kennis bepaal kan word hoe sekere tekorte en ervarings kinders moontlik kan beïnvloed, en al kan daar aangeneem word dat kinders 120 jaar gelede in breë trekke dieselfde behoeftes sou gehad het, en dat hulle liggame op dieselfde manier op sekere tekorte sou reageer, is dit steeds moeilik om empiries te bewys in watter mate kinders deur die oorlog geraak is. Dit is moeilik om te bepaal hoe ernstig hulle werklik geraak sou wees.

Dit is egter nie onmoontlik dat hierdie ervarings en tekorte wel 'n langtermyn invloed op die toekoms van Suid-Afrika sou kon gehad het nie. Ter voorbeeld: wangevoede kinders se immuniteit kan tot in volwassenheid ingeperk word: Sestien jaar na die oorlog breek die Groot Griep uit. Elizabeth van Heyningen skryf hieroor: “... *for it was young adults who were most affected by the Spanish influenza epidemic.*”<sup>60</sup> Hierdie kinders kon sestien jaar vroeër, tydens 'n kritieke ontwikkelingsstadium, in die konsentrasiekampe gewees het.

Vyf jaar na die oorlog was 18% van wit mynwerkers Afrikaners. Dertig jaar na die oorlog styg dit tot 67%.<sup>61</sup> Sou hierdie drastiese toename moontlik deels as gevolg van die tydperk in die kampe kon wees? Diegene wat as kinders in die kampe was, sou dertig jaar na die oorlog net ouer as 30 jaar wees. Kon die gevolge van die tydperk in die kampe, soos verlaagde IK, leerprobleme, ensovoorts dalk deels daartoe bydra dat die aantal mynwerkers so drasties toegeneem het?

Professor Herman Giliomee skryf dat die meeste gevaarlike ondergrondse poste in die myne teen 1918 deur Afrikaners gevul was. Hy skryf dat dit die mees radikale werkers was wat die myne nog gehad het. Volgens Giliomee was die Afrikaners

---

<sup>58</sup> Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaner – 'n biografie*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. P. 270

<sup>59</sup> Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaner – 'n biografie*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. P. 270

<sup>60</sup> Van Heyningen, E. 2013: *The Concentration Camps of the Anglo-Boer War*. Auckland Park: Jacana Madia. P. 309

<sup>61</sup> Giliomee, H. 2004: *Die Afrikaners: 'n biografie*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. P. 279

gedurende die eerste kwart van die twintigste eeu die radikaalste deel van die bevolking van die Witwatersrand.<sup>62</sup> Hy vervolg: “*Baie jare lank was die meeste wit straatboewe en jeug-misdadigers Afrikaners.*”<sup>63</sup>

Die geweld van die 1922-mynstaking was só erg dat die weermag ingeroep moes word.<sup>64</sup> Dit was 20 jaar na die oorlog. Probleme soos verlaagde sosiale vaardighede kan die gevolge van wanvoeding op ’n jong ouderdom wees. Hoër vlakke van kriminaliteit word dikwels verbind met die verlies aan ’n ouer of ’n broer of suster op ’n jong ouderdom. Die jong mynwerkers en sogenaamde straatboewe kon tydens die mees kritiese fase van ontwikkeling in die kampe wees. Sou daar ’n verband kon wees?

Teen 1931 word een uit ses Afrikaners as “uiters arm” geklassifiseer.<sup>65</sup> Studies het bevind dat wanvoeding kinders se inkomste met tot 20% later in hulle lewens kon verlaag. Sou die wanvoeding in die kampe moontlik deels kon bydra tot die grootskaalse armoede?

Prof Hermann Giliomee voer aan dat die Boere se nederlaag ’n groot rol in die nasionalisme na die oorlog kon speel: “*Die verpletterende nederlaag wat die Boere gely het, het die vroue aan hul taal en kultuur laat vasklou.*”<sup>66</sup> So byvoorbeeld was Afrikaans voor die oorlog nog nie ’n erkende taal nie. Tien jaar na die oorlog, in 1912, het die eerste Kinderbybel in Afrikaans verskyn. In 1915 word Naspers gestig en die Burger vir die eerste keer uitgegee terwyl Afrikaans in 1918 as universiteitstaal erken word. In 1921 word die eerste proefskrif in Afrikaans ingehandig en in 1925 word Afrikaans as amptelike taal erken.<sup>67</sup>

---

<sup>62</sup> Giliomee, H. 2004: *Die Afrikaners: ’n biografie*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. P. 282

<sup>63</sup> Giliomee, H. 2004: *Die Afrikaners: ’n biografie*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. P. 275

<sup>64</sup> Giliomee, H. 2004: *Die Afrikaners: ’n biografie*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. P. 280

<sup>65</sup> Giliomee, H. 2004: *Die Afrikaners: ’n biografie*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. P. 279

<sup>66</sup> Giliomee, H. 2004: *Die Afrikaners: ’n biografie*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. P. 212

<sup>67</sup> MacLachan, T. 31 Mei 2010: *Die groei van Afrikaans sedert 1910 tot ’n volwaardige taal*. Aanlyn beskikbaar by <http://www.standpunte.co.za/die-groei-van-afrikaans-sedert-1910-tot-n-volwaardige-taal/> soos op 10.10.2016 en Langner, D. 17 Junie 2015: *Afrikaans 90: Afrikaans is ’n taal van hoop*. Aanlyn beskikbaar by <http://maroelamedia.co.za/afrikaans/afrikaans-90-afrikaans-is-n-taal-van-hoop/> soos op 10.10.2016

Oorlogservarings lei dikwels tot beter deursettingsvermoë en verhoogde vlakke van empatie en veerkragtigheid.<sup>68</sup> In 1939 was 40% van volwasse Afrikanermans in Johannesburg werksaam as ongeskoolde arbeiders, mynwerkers, messelaars en spoorwegwerkers.<sup>69</sup> 'n Eeu na die oorlog sou 66% van Afrikaners in witboordjieberoepes wees. Slegs 5% van Afrikaners sou as arbeiders in die landbousektor werk. Byna die helfte van Afrikanerhuishoudings sou in semi-professionele of hoë beroepskategorieë wees.<sup>70</sup> Sou hierdie noemenswaardige opwaartse mobiliteit onder andere toegeskryf kon word aan 'n veerkragtigheid wat uit die moeilike omstandighede na afloop van die Anglo-Boereoorlog gebore is?

Die presiese invloed wat die Anglo-Boereoorlog op die toekoms van Suid-Afrika sou werp is moeilik identifiseerbaar. Met behulp van hedendaagse kennis kan daar egter met redelike sekerheid aangeneem word dat geen kind wat die oorlog oorleef het, onaangeraak daardeur gelaat sou word nie.

---

<sup>68</sup> Strydom, N. 2017. *Kinders in die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) konsentrasiekampe: 'n ondersoek na die moontlike invloed van voeding en belewenis*. Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium (Geskiedenis) in die Fakulteit Lettere, Stellenbosch. Desember 2017. P. 146

<sup>69</sup> Giliomee, H. 2004: *Die Afrikaners: 'n biografie*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. P. 286

<sup>70</sup> Terblanche, F.E.. 2010. *Die opkoms van die Afrikaner in die Unie op ekonomiese gebied* in Boshoff, C.W.H. (red). 2010: Unie-Simposium. Orania: Epog Uitgewers